**NASIENRIGLYNE**

| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | MEI/JUNIE 2025 |
| **VAK** | AFRIKAANS EAT |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTETOTAAL** | 80 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 2½ |
| **AANTAL BLADSYE** | 11 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

| FINALE GOEDGEKEURDE NASIENRIGLYNE | |
|---|---|
| **VERGADERINGSDATUM** | |
| **UMALUSIMODERATOR** | |
| **HOOFNASIENER** | |
| **INTERNE MODERATOR** | |

# AFDELING A: LEESBEGRIP

## ASSSSERINGSRIGLYNE

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. Penalisering geskied slegs as dit die woordbetekenis verander.

- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir:
  - JA/NEE;
  - EK STEM SAAM / EK STEM NIE SAAM NIE;
  - WAAR/ONWAAR en
  - FEIT/MENING nie.

  Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE; EK STEM SAAM / EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie.

- Vir antwoorde wat aanhalings uit die leesstuk verg, word NIE GEPENALISEER indien die aanhalingstekens ontbreek NIE.

- Waar eenwoord-antwoorde / twee opeenvolgende woorde gevra word en die kandidaat gee ’n volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord/woorde onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word. Die kandidaat kan ook die antwoord begin met:
  Die woord/woorde is ...

- By vrae wat een feit/punt of twee/drie feite/punte vereis en die kandidaat gee ’n hele reeks, sien SLEGS die eerste een of twee (afhangend van die vereiste getal feit(e) /punt(e) gevra) na. Indien die feit(e)/punt(e) met kolpunte aangedui is, word die eerste antwoord(e) per merker nagesien.

- Indien ’n antwoord in meer as een sin aangebied word en die sin/sinne lei direk tot die antwoord, word die punt vir die korrekte feit toegeken.

- Indien die kandidaat woorde uit ’n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.

- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.

# AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

## TEKS A: ARTIKEL

| | ANTWOORD | PUNT | DV |
|---|---|---|---|
| 1.1 | Mitchell's Plein | (1) | 1 |
| 1.2 | Albei was dwelmsmouse | (1) | 3 |
| 1.3 | • Hulle het nie aan dieselfde bende behoort nie.<br>• Denzil se broer het sy eie broer geskiet, Denzil het nie sy broer geskiet nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| 1.4 | Denzil<br>• was suksesvol in die bende.<br>• het leierseienskappe gehad.<br>• het die bende se leier geword.<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| 1.5 | "polsende"<br>(Aanhalingstekens is nie verpligtend nie.) | (1) | 3 |
| 1.6 | • Hy het niks anders geken nie.<br>• Hy het nie geweet hoe om homself daaruit te kry nie.<br>• Dit was 'n maklike manier om geld te maak.<br>• Dit was 'n manier om ander se respek te verdien.<br>• Hy het nie geglo dat bendelede tweede kanse kry nie.<br>(Enige DRIE of soortgelyk) | (3) | 2 |
| 1.7 | • Die motor se ruite was oop.<br>• Die motor was oud.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| 1.8.1 | B/ek het 'n oordrewe selfbeeld gehad | (1) | 2 |
| 1.8.2 | A/ek was so gevaarlik soos 'n slang | (1) | 2 |
| 1.8.3 | D/hulle wou my vermoor. | (1) | 2 |
| 1.8.4 | C/'n wonderwerk het gebeur. | (1) | 2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.9 | Denzil was gedetermineerd / vasbeslote / van plan om sy broer terug te kry.<br>(Of soortgelyk) | (1) | 3 |
| 1.10 | Ja.<br>• Kinders leer by hulle ouers/rolmodelle/maats om te haat / stereotipeer / rassisties te wees.<br>(Enige EEN of soortgelyk. Gee krediet vir die kandidaat se mening. Nee is nie ’n opsie nie.) | (1) | 4 |
| 1.11.1 | godsdienstig | (1) | 3 |
| 1.11.2 | • Hy het vir Denzil gebid en dit het Denzil laat verander.<br>• Hy sê vir Denzil: “My God is baie groter.”<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| 1.12 | Denzil<br>• het ’n pistool.<br>• sê hy sal hom doodskiet sonder dat dit hom pla / sonder om ’n oog te knip.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 2 |
| 1.13 | ’n Pastoor | (1) | 2 |
| 1.14 | Hy het besluit om sy lewensstyl te verander / om ’n gelukkige/suksesvolle lewe te lei (Voorbeelde: opgehou deel wees van ’n bende / by ’n pastoor ingetrek / God aangeneem / aan God begin glo).<br>(Of soortgelyk. Gee krediet vir die kandidaat se mening) | (1) | 4 |
| 1.15 | Denzil<br>• het dit reggekry om uit die bendelewe te ontsnap.<br>• leef ’n normale lewe.<br>• help die gemeenskap (met komberse en skoolfonds).<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| 1.16 | Die storie is inspirerend / wys dat daar altyd hoop is / dat ’n mens/tieners nie moed moet opgee nie / niemand moet glo dat hulle niks aan hulle omstandighede kan doen nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| 1.17 | Armoede<br>Dwelmmisbruik<br>Enkelouers<br>Misdaad<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.18 | Ek sal ...<br>• komberse/kos uitdeel.<br>• met kinders speel.<br>• papiere optel.<br>(Enige EEN of soortgelyk. Gee krediet vir die kandidaat se mening.) | (1) | 5 |

**TEKS B: SPOTPRENT**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.19 | Daar is is ’n TV/(laai)kas/portret/foto/lig/mat | (1) | 2 |
| 1.20 | 25 Mei 2023 | (1) | 1 |
| 1.21 | Niel van Vuuren | (1) | 1 |
| 1.22 | 4/vier | (1) | 1 |
| 1.23.1 | nie van lees hou nie | (1) | 1 |
| 1.23.2 | • Die boek is laat by die biblioteek.<br>• Daar is ’n rugbybal in sy skoolsak.<br>(Enige EEN) | (1) | 4 |
| | | | **TOTAAL AFDELING A: [30]** |

**OPSOMMING: KOGNITIEWE VLAKKE/DENKVLAKKE: VRAAG 1**

| | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 | VLAK 5 |
|---|---|---|---|---|---|
| **VRAESTEL** | 5 | 7 | 12 | 5 | 1 |
| | 12/30 | | 12/30 | 6/30 | |
| | 40% | | 40% | 20% | |
| **NORM** | 12/30 | | 12/30 | 6/30 | |

## AFDELING B: OPSOMMING

### ASSESSERINGSRIGLYNE

**Nasien van die opsomming**

**LET WEL**: Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die feite soos deur die vraag oor die teks voorgeskryf. Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - 10 totale punte
- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1–3 korrekte feite: 1 punt
  - 4–5 korrekte feite: 2 punte
  - 6–7 korrekte feite: 3 punte
- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
  - 6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
  - 4–5 korrekte aanhalings: maksimum 1 punt vir taal word toegeken
  - 2–3 korrekte aanhalings: maksimum 2 punte vir taal word toegeken

**Let op:** Indien die kandidaat 6 of 7 korrekte feite het, maar een daarvan is ’n direkte aanhaling, kry die kandidaat 6 of 7 punte vir die 6 of 7 feite en 3 punte vir taal. Die kandidaat kry in hierdie geval dus 9/10 of 10/10 vir die opsomming.

Indien die kandidaat net een direkte aanhaling as korrekte feit aanbied en verder geen korrekte feite het nie, kry die kandidaat 1 punt vir die aanhaling en 0 vir taal. In hierdie geval kry die kandidaat dus 1/10 vir die opsomming.

**LET WEL:**

**Getal woorde:**

- Nasieners moet die getal woorde verifieer.
- Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.

Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener tot by 75 woorde nasien en die res van die opsomming ignoreer.

© SACAI KOPIEREG

**HOE OM JOU LEWE TE LAAT SAAK MAAK**
(267 woorde)

| DIREKTE AANHALING | EIE WOORDE |
|---|---|
| **HOE LAAT EK MY LEWE SAAK MAAK?** | |
| Dink bietjie terug aan toe jy klein was. Het jy drome gehad en oor drome gepraat? Onthou jy al jou planne? Soveel dinge wat jy alles graag wou doen. Dit is nog daar in jou hart. | Geen feit nie. |
| Om ’n suksesvolle, betekenisvolle lewe te geniet, **moet jy jou drome ’n realiteit kan maak.** Die vraag is: hoe doen jy dit? | 1. Maak jou drome ’n realiteit. / Maak jou drome waar. |
| Moenie wag nie, doen dit nou! **Stel duidelike doelwitte wat jy wil bereik.** Streef jou drome **na met moed en geloof.** Ons almal voel soms siek, moedeloos, hartseer en “moeg gewag” vir ons drome om ’n realiteit te word. Moeilike omstandighede, pyn en swaarkry maak ons negatief, maar onthou dit maak jou sterker. As jy dink dit is te laat om jou drome te bereik, maak jy ’n groot fout. Drome het nie ’n vervaldatum nie! **Neem aksie om jou drome waar te maak.** | 2. Stel duidelike doelwitte.<br>3. Behou moed en geloof in jou strewe.<br>4. Doen iets om drome waar te maak. |
| Vandag luister mense meer en steur hulle meer aan persone se opinies en negatiewe geselskap. Hulle luister selfs na hulle eie negatiewe gedagtes wat deur ander mense daar geplaas is. Dit veroorsaak dat hulle aan hulself begin twyfel. **Bestee tyd saam met mense wat jóú beter maak.** Wanneer jy tyd met inspirerende en motiverende mense spandeer, dryf dit jou vorentoe. | 5. Bestee tyd met positiewe mense. |
| Die meeste mense verstaan nie waarmee hulle goed is nie en erken nie sommer hulle sterk punte nie. **Vind en ontwikkel jou unieke gawes en talente. Hou op om jouself met ander te vergelyk,** want dit beteken eintlik net een ding: jy wil soos iemand anders wees. **Wees positief en kies om met dankbaarheid te leef.** As jy liefde, sukses, rykdom en gesondheid soek, fokus jou energie daarop. | 6. Ontwikkel jou gawes en talente.<br>7. 7. Moenie jouself met ander vergelyk nie.<br>8. Wees positief/leef met dankbaarheid.<br>9. Leef met dankbaarheid. |
| | **TOTAAL AFDELING B: [10]** |

## AFDELING C: TAAL

### ASSESSERINGSRIGLYNE

- Spelling
  - Eenwoord-antwoorde by woordstukture moet korrek gespel word.
  - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
  - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

### VRAAG 3

### TEKS D: ADVERTENSIE

| VR | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1 | opwindende | (1) |
| 3.2 | (Gereformeerde) Kerk (Pretoria) (Alkantrant) | (1) |
| 3.3 | 4 Desember | (1) |
| 3.4. | “swemklere” | (1) |
| 3.5 | • Daar gaan nie borde of messe en vurke wees om mee te eet nie.<br>• Mense hou van verskillende drankies, op die manier kan almal drink wat hulle verkies / dan hoef die kerk nie koeldranke te verkoop nie.<br>(Of soortgelyk) | (2) |
| 3.6 | nm. **(sp)** | (1) |
| 3.7 | 1 uur en 30 minute / ’n uur en ’n half / 90 minute | (1) |
| 3.8 | verniet/mahala | (1) |
| 3.9 | (Vir) ’n biblioteek. | (1) |
| | | **[10]** |

**VRAAG 4**

**TEKS E: STROKIESPRENT**

| | **ASSESSERINGSRIGLYNE** | **PUNT** |
|---|---|---|
| 4.1.1 | • Meester sê (in die spraakborrel) dat Neelsie vrot gedoen het.<br>• Meester is ongelukkig/kwaad terwyl hy oor Neelsie se toets praat.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) |
| 4.1.2 | C/woedend | (1) |
| 4.2 | • Meester het verwag dat Neelsie gaan goed doen (want die toets was nie moeilik nie).<br>• Meester het die maklike goed gevra.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) |
| 4.3 | Nee.<br>• Neelsie antwoord Meester terug.<br>(Of soortgelyk. Nee is nie ‘n opsie nie) | (1) |
| 4.4 | • Daar is (bewegings) strepies wat by sy mond uitkom.<br>• Sy tong en tande wys.<br>• Die uitroepteken.<br>(Enige TWEE) | (2) |
| 4.5 | By sy bank / in die klas. | (1) |
| 4.6 | Ja.<br>• Seuns leer nooit nie. / Alle seuns is lui.<br>• Alle onderwysers is kwaai.<br>• Onderwysers en leerlinge/leerders het nooit goeie verhoudings nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk. Nee is nie ’n opsie nie.) | (1) |
| 4.7 | beste | (1) |
| 4.8 | My van is Wakeford. / Ek is van Pretoria. | (1) |
| | | **[10]** |

## VRAAG 5

### 5.1 TEKS F ARTIKEL

| | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1.1 | Eleanor Roosevelt het gesê: “Niemand kan jou laat minderwaardig voel sonder jou toestemming nie.” | (2) |
| 5.1.2 | minderwaardigheidsgevoel **(sp)** | (1) |
| 5.1.3 | gevoel | (1) |
| 5.1.4 | Jy laat jouself toe om so te voel. | (1) |
| 5.1.5 | waaraan | (1) |
| 5.1.6 | selfbeeldjie **(sp)** | (1) |
| 5.1.7 | punt**e** **(sp)** | (1) |
| 5.1.8 | negatiewe **(sp)** | (1) |
| 5.1.9 | Jy sal jou gedagtes met positiewe kommentaar (moet) vul. | (1) |
| 5.1.10 | wat | (1) |
| 5.1.11 | nuwe | (1) |
| 5.1.12 | Raak die prent my? | (1) |
| 5.1.13 | bl. | (1) |

## 5.2 TEKS G: PRENT

| | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT |
|---|---|---|
| 5.2.1 | Die MSC Orchestra se luukse kajuite en topklasvermaak **was** meer as net 'n bootreis. | (1) |
| 5.2.2 | duur (sp) | (1) |
| 5.2.3 | prop**vol (sp)** | (1) |
| 5.2.4 | 'n vis in die water. | (1) |
| 5.2.5 | bal-jaar | (1) |
| 5.2.6 | **S**aans (sp) | (1) |
| | | **[20]** |
| | | **TOTAAL AFDELING C: [40]** |
| | | **GROOTTOTAAL: [80]** |